

SLEGS VIR DIEREGERBUIK

IVERMAX[®] 1[†]

1% INSPUITBARE OPLOSSING

Reg. Nr. G3582 Wet 36/1947

[NSO] V05/18.1.2/293 Wet 13/2003

VERSIGTIG

SAMESTELLING

Ivermektien 1% In spuitbare Oplossing m/v

AANDUIDINGS

ANTIPARASITIESE MIDDEL VIR BEESTE EN SKAPE, DOOD BRANDSIEKTE MYTE OP VARKE.

BERGINGSAAWYSINGS

Bewaar onder 30 °C weg van sonlig.

WAARSKUWINGS

- Moenie beeste of skape vir menslike verbruik slag binne 21 dae vanaf laaste behandeling en varke binne 28 dae vanaf laaste behandeling nie.
- Moenie in melkbeeste waarvan die melk vir menslike gebruik aangewend word, gebruik nie.
- Moenie in melkbeeste binne 28 dae van kalwing gebruik nie.
- Moet nie binnespiers of binnears gebruik nie.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

VOORSORGMATREËLS

- Moenie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie.
- Berg bottel in kartonhouer om te beskerm teen sonlig.
- Was hande deeglik na gebruik.
- Beeste behoort ingeënt te word teen klostridiale infeksies (bv. Sponssiekte).
- Skape behoort ingeënt te word teen bloednier (enterotoksemie) voor behandeling.
- Tydelike ongemak was waargeneem by diere na onderhuidse inspuitings. Die pynreaksie is soms intens, maar is gewoonlik kortstondig. 'n Paar gevalle van sagteweefsel swelling by die inspuitplek is ook waargeneem. Hierdie reaksies verdwyn sonder behandeling.

INDIKASIES:

EFFEKTIWITEIT IN BEESTE

Inwendige parasiete by beeste: vir die behandeling van gastro-intestinale rondewurms, *Parafilaria bovicola* (vals kneusing) en oogwurm (*Thelazia*).

IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing is effektief teen die volgende inwendige parasiete in beeste wanneer onderhuidse toegedien word teen die aanbevole dosis van 200 µg / kg liggaamsmassa.

BEESTE RONDEWURMS	ONVOLWASSE	VOLWASSE	*Beheer teen herbesmetting van
Haarwurm	*	*	14 dae
Bruinmaagwurm	*	*	21 dae
Beesbankrotwurm	*	*	14 dae
Haakwurm	*	*	
Knoppieswurm	*	*	
<i>Thelazia</i> (Oogwurm)	*	*	
<i>Parafilaria bovicola</i> Vals kneusing	**		

* Beheer = ≥ 90 % effektief

** Hulp in die beheer = 60 – 89 % effektief

Hierdie lys bevat die meer belangrike endoparasitiese spesies. Dit kan ook effektief teen ander spesies gebruik word. Vir verdere inligting raadpleeg u veearts.

Uitwendige parasiete in beeste:

- Dood suigende luise en brandsiekte myte.
- Beheer sandtampbesmetting by beeste vir tot 3 dae na behandeling.
- Dood spykerwurm wat teenwoordig is wanneer ingespuet word. Beskerm teen spykerwurmbesmettings vir twee weke na toediening.
- Beheer blou bosluise (*Boophilus* spp) op beeste. Vir beheer van blou bosluis moet behandeling elke 21 dae herhaal word.

EFFEKTIWITEIT IN SKAPE

Uitwendige parasiete.

- Dood skaap brandsiekte myte.
- Beheer Australiese jeukmyte.
- * Neuswurm alle stadia (1ste, 2de en 3de stadium larwes)
- * (Beheer = ≥ 90 % effektief)

RONDEWURM SPESIES	ONVOLWASSE	VOLWASSE
Haarwurm	*	*
Bruinmaagwurm	*	*
Bankrotwurm	*	*
Langnekbankrotwurm	**	-
Haakwurm	*	*
Knoppieswurm	*	*
Grootbekwurm	*	*
Longwurm	*	*

* Beheer = ≥ 90 % effektief

** Hulp in die beheer = 60 – 89 % effektief

Hierdie lys bevat die meer belangrike endoparasitiese spesies. Dit kan ook effektief teen ander spesies gebruik word. Vir verdere inligting raadpleeg veearts.

EFFEKTIWITEIT IN VARKE

Eksterne parasiete by varke.

Dood brandsiekte myte (*Sarcoptes scabiei* var *suis*). (Aanbevole dosis 300 µg / kg).

LET WEL: IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing het 'n blywende bloed vlak wat genoegsaam is om my infestasies te beheer regdeur die duur van die lewenssiklus. Maar, aangesien die effek nie onmiddellik in werking tree nie, moet blootstelling aan herinfestering deur onbehandelde diere of besmette fasiliteite verhoed word. Normaalweg moet varke nie na skoon kwartiere verskuif word nie of blootgestel word aan onbesmette varke vir ongeveer een week na behandeling nie. Sōe behoort ten minste een week voor die geboorte van 'n werpsel behandel te word om die oordrag van myte op baba varkies te voorkom.

GEBUIKSAANWYSINGS – GEBUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

DOSIS: BEESTE: IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing moet slegs onderhuidse teen die aanbevole dosisvlak van 200 µg ivermektien per kilogram liggaamsmassa toegedien word. Elke ml bevat 10 mg ivermektien wat genoegsaam is om 50 kg liggaamsmassa te behandel.

LIGGAAMSMASSA (kg)	DOSIS VOLUME (ml)	LIGGAAMSMASSA (kg)	DOSIS VOLUME (ml)
Tot 50	1	301 - 350	7
51 - 100	2	351 - 400	8
101 - 150	3	401 - 450	9
151 - 200	4	451 - 500	10
201 - 250	5	501 - 550	11
251 - 300	6	551 - 600	12

Toediening: IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing moet slegs d.m.v. onderhuidse inspuiting toegedien word. Moet nie binnespiers of binnears toedien nie. By beeste spuit onder die los vel voor of agter die skouer. Die gebruik van 'n 16-maat 2,0 cm naald word aanbeveel. Gebruik gesteriliseerde gereedskap en volg aseptiese prosedures. Goedgekeurde inentingsvoorsorgmaatreëls moet geneem word in areas waar die risiko van Klostridiale infeksies by beeste soos sponssiekte en kwaadaardige oedema teenwoordig is.

Kruisbaarheid: IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing mag gelyktydig met klostridiale inentings in beeste gebruik word maar moet toegedien word op aparte inspuitplekke.

SKAPE: IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing moet slegs toegedien word teen die volgende aanbevole dosisvlakke:

LIGGAAMSMASSA (kg)	DOSIS VOLUME (ml)
0 - 25	0,5
26 - 50	1,0
51 - 75	1,5
76 - 100	2,0

Toediening: IVERMAX 1 % In spuitbare Oplossing moet slegs d.m.v. onderhuidse inspuiting toegedien word. Moet nie binnespiers of binnears toegedien word nie. Die oplossing kan d.m.v. enige standaard outomatiese of enkel-dosis apparaat toegedien word. Gebruik steriele tegnieke. Die los vel agter die skouer, die vel onder die voorbeen (oksel) en die binnekant van die dy is geskikte plekke vir toediening. Verseker dat die naald versigtig ingestek word en dat die oplossing nie vanuit die inspuitplek lek nie. In wollerige skape, verseker dat die naald deur die wol en die vel penetreer alvorens die dosis toegedien word.

Vir die behandeling van die uitbraak van brandsiekte by skape word 'n enkele dosis van 1 ml / 50 kg (200 µg / kg) toegedien. Dit moet onder toesig van die Staat gedoen word.

LET WEL: Wanneer 'n uitbraak van brandsiekte by skape behandel word, is dit noodsaaklik dat:

- Al die skape op die plaas akkuraat met die korrekte dosis behandel word en na behandeling gemerk word.
- Al die diere moet 7 - 10 dae na behandeling ondersoek word en enige skape wat nie gemerk is nie moet behandel word.
- Sorg moet gedra word dat die volle dosis aan elke skaap toegedien word.
- Onder sekere omstandighede mag twee behandelings, 7 dae uitmekaar, nodig wees om alle brandsiekte te elimineer.

'n Herfsbehandeling sal derde stadium neuswurm dood en 'n lentebehandeling sal nuwe infestasies van hierdie parasiet te werk.

'n Behandeling in die laat-herfs sal oorblyfsels van rondewurms verwyder asook die eerste infestasies van die rondewurm spesies wat gestimuleer word deur koeler weersomstandighede. Die lente "na-skeer" behandeling sal rondewurm besmettings wat opgebou het gedurende die winter en vroeë lente besmettings wat gestimuleer word deur die eerste reën verwyder. Dit sal bydra tot die vermindering van die besmetting van "skoon" somer weiding.

VARKE: Die aanbevole dosisvlak is 1 ml per 33 kg (300 µg / kg). Word onderhuidse in die vark se nek toegedien.

LIGGAAMSMASSA (kg)	DOSIS VOLUME (ml)
Tot 50	1,5
51 - 100	3,0
101 - 150	4,5
151 - 200	6,0
201 - 250	7,5
251 - 300	9,0
301 - 350	10,5
351 - 400	12,0

Instruksies vir die gebruik van outomatiese doseringsapparaat:

- Ontsmet alle naalde en spuite alvorens gebruik word deur dit in skoon water vir 15 tot 20 minute te kook.
- Gekookte naalde moet voor gebruik in 'n steriele oplossing geberg word en gereeld geruil word wanneer diere ingespuet word.
- Verwyder die aftrek montering van die steriele houder. Hanteer versigtig om kontaminasie te vermy.
- Verbind die plastiek buis stewig met die doseringspuit. Gebruik afgemete konneksie wat verskaf word indien nodig.
- Verwyder dop van bottel en onsmet rubberprop met brandspiritus of enige ander gepaste chemiese onsmettingsmiddel. Hou bottel regop en steek die aftapnaald deur die middel van die rubberprop.
- Hang bottel in 'n gemaklike omgekeerde posisie om die nek, skouer of middel. Gebruik bande wat verskaf word.
- Vul spuit versigtig. Apparaat is nou gereed vir gebruik.
- Na gebruik, verwyder aftrek montering van die houder en spoel die hele apparaat uit met water voordat dit gebêre word.
- Indien hegtingsbuis her-gebruik word, moet dit vir 15 to 20 minute gekook word alvorens dit weer gebruik word met die spuit en naalde.
- Berg halfgebruikte bottel in kartonhouer om dit teen sonlig te beskerm.
- Moet nie leë bottels weer gebruik nie.

OMGEWINGVEILIGHEID:

Studies het getoon dat wanneer ivermektien in aanraking kom met die grond, bind dit onmiddellik en stewig met die grond en raak na 'n ruk onaktief. Medisyne houers en enige residuele inhoud moet veilig weggegooi word (bv. deur dit te begrawe of verbrand), aangesien vry ivermektien negatiewe effekte op visse en sekere water organismes kan hê.

† Makrosikliese laktoon

Botswana Listing No.: BV2100243/A/B

Category of Distribution: VPS



Registrasiehouer:

Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.